# Afrikaanse Protestantse Kerk

***Rig alle korrespondensie aan die Direkteur van Kerkadministrasie:**
**Ds. JL Schütte**
**e-pos: direkteur@apk.co.za**

23 Oktober 2017

**Verklaring deur die Sentrale Kerkekommissie (SKK) van die Afrikaanse Protestantse kerkverband aangaande die COGTA gespreksgeleentheid in die parlement rakende die CRL-kommissie se verslag en aanbevelings rondom die staatsregulering van godsdienste.**

Die SKK het waardering vir talle van die reaksies vanuit die Suid-Afrikaanse geloofsgemeenskap wat hetsy skriftelik of deur persoonlike verteenwoordigers tydens 17 & 18 Oktober 2017 se COGTA byeenkoms voorgelê is.

Dit was verblydend om te sien hoe verskeie geloofsgemeenskappe die een na die ander beswaar gemaak het teen die CRL-kommissie se voorstelle rakende die beoogde staatsregulering van godsdienste.

Dit was verder verblydend om te hoor hoe die een spreker na die ander misbruike en misdaad, wat onder die dekmantel van godsdienstigheid plaasvind, uit een mond veroordeel. Hierdie eensgesindheid was ’n bewys van hoe die algemene Christelike Kerk tot uitting kom sonder om noodwendig aan een oorkoepeldende organisatoriese struktuur te behoort. Hiermee het talle geloofsgemeenskappe erken dat die uitbuiting en misbruik van individue en gemeenskappe se goedgelowigheid in die naam van godsdienstigheid, glad nie aanvaar is nie en nog minder onder godsdiensvryheid gereken of in die naam daarvan toegelaat kan word.

Die vraag wat telkens tydens die gesprek na vore gekom het was: Wat is die aangewese en gepaste reaksie hierop? Dit het duidelik geblyk dat die oorgrote meerderheid van die sprekers en verteenwoordigers reken dat die CRL-kommissie se voorgestelde oplossing van godsdiensregulering nie ’n aanvaarbare voorstel is nie.

Die SKK oordeel dat een van die leemtes in die CRL-kommissie se ondersoek en verslag juis die feit is dat hulle in gebreke gebly het om aan te toon hoe huidige wetgewing onvoldoende is om die vergrype hok te slaan. Die SKK meen steeds, saam met talle van die ander respondente, dat die huidige landswette voldoende is om hierdie vergrype aan te spreek en dat die probleem, soos op baie ander terreine, eerder lê by die gebrekkige toepassing van die bestaande wette.

Net soos die Menseregtekommissie het die CRL-kommissie ook die bevoegdheid om persone te dagvaar om voor hulle te verskyn. Dit is ’n bevoegdheid waarvan hulle tydens hulle ondersoek uit die staanspoor gebruik gemaak het – selfs ’n leraar van ons kerkverband het so ’n

dagvaardiging ontvang. Die vraag is egter waarom die CRL-kommissie nie van hierdie reg gebruik maak om vergrype in die naam van godsdienstigheid hok te slaan nie? Waarom moet ŉ hele nuwe burokrasie geskep word om godsdienste deur die staat (uiteindelik die CRL-kommissie) te reguleer, terwyl die CRL-kommissie se mandaat reeds die ruimte daarvoor laat om oortreders vas te vat? Sover ons kennis strek, het die CRL-kommissie nie een van die beweerde oortreders wie se optrede hulle ter motivering van hulle voorstelle gebruik het, gedagvaar nie. Waarom nie?

Die gedagtes van prof. Christof Sauer dat daar geen optrede kan wees teen enige persoon wat vrywillig deelneem aan bedenklike praktyke soos die drink van petrol of die eet van slange of die spuit van Doom in die gesig nie, word deur die SKK verwerp. Vervolging vir kindermolestering of kindermishandeling word tog nie in die wiele gery omdat die betrokke kind nie daaroor wil getuig nie. Dit is juis dán wanneer daar op hulle wie getuies van die oortreding was, se getuienis gereken word om iemand in ŉ kwesbare posisie te beskerm. Vrywillige deelname aan die drink van gif, maak niemand minder aanspreeklik vir moord nie. Vrywillige deelname aan enige onwettige en kriminele aksies bly steeds onwettig en krimineel. Dit moet met die bestaande wetgewing beveg word en kan nie in die naam van godsdienstigheid verdra word nie.

Die oproepe vir ŉ Nasionale Konferensie van Godsdienstige Leiers wat tydens die gesprek geopper is, mag dalk help om meer stemme te hoor as net die 85 persone/organisasies/instansies na wie die CRL-kommissie geluister het. Die uitkoms en waarde van so konferensie sal grootliks bepaal word deur wie die sameroeper daarvan is. Indien die CRL-kommissie die sameroeper is, moet ons nie verbaas wees wanneer dieselfde voorstelle vir staatsregulering van godsdienste binnekort weer op die parlement se tafel verskyn nie.

Die SKK versoek alle plaaslike kerke en gelowiges binne elke gemeenskap om op hoogte te bly van hierdie debat wat godsdiensvryheid in Suid-Afrika daadwerklik kan vernietig en waar nodig hul stem te laat hoor.

Die SKK se voorlegging aan COGTA kan by hierdie skakel gelees word: http://apk.co.za/images/dokumente/SKK-COGTA.pdf

Seënwense en groete



Ds. H.S.W. Strauss
Voorsitter: SKK



**Posadres:** Sentrale Kerkkantoor Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 ☎ (012) 362-1390 (086) 559 7243